higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

7 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n antwoordboek van 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.
3. Toon AL jou berekeninge.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Jy mag GEEN bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
6. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy moet bestee om elke vraag te beantwoord.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae Waar en onwaar vrae Kies die korrekte beskrywings	25	22 minute
2	Kort teorievrae	30	27 minute
3	Berekeninge	25	23 minute
AFDELING B			
4	Joernale	40	36 minute
5	Oorboeking na die grootboek	30	27 minute
6	Finansiële state	30	27 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Wanneer 'n klant voorraad aan 'n onderneming terugstuur, is die uitwerking op die handelsvoorraadrekening dat ...

A die handelsvoorraadrekening met die verkoopsprys gedebiteer word.
B die handelsvoorraadrekening met die verkoopsprys gekrediteer word.
C die handelsvoorraadrekening met die kosprys gedebiteer word.
D die handelsvoorraadrekening met die kosprys gekrediteer word.

1.1.2 'n Verwys-na-trekker-tjek (V/T-tjek) word in die ... geboekstaaf.

A kontantontvangstejoernaal
B kontantbetalingsjoernaal
C kleinkasbetalingsjoernaal
D algemene joernaal

1.1.3 Die proses waarvolgens bedrae van die joernale na die toepaslike rekeninge in die algemene grootboek oorgedra word, word ... genoem.

A rekeningkunde
B oorboeking
C uitwissing
D vertoon

1.1.4 'n Moontlike rede(s) dat die bank tjeks dishonoreer, sluit in:

A Die trekker het betaling op die tjek gestaak.
B Die trekker het nie die tjek geteken nie.
C Die tjek is twee maande oud.
D Sowel A as B.

1.1.5 Geld wat die eienaar vir persoonlike gebruik uit die onderneming neem, staan as ... bekend.

A kapitaal
B ekwiteit
C onttrekkings
D salarisse

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Ekwiteit verhoog wanneer ...

A geld in 'n vaste deposito belê word.
B goedere vir kontant verkoop word.
C 'n tjek gewissel word om die voorskotbedrag te herstel.
D die verskaffer betaal word.

1.1.7 'n ... word uitgereik wanneer 'n debiteur beskadigde goedere terugstuur.

A Kwitansie
B Kredietnota
C Debietnota
D Tjek

1.1.8 Kies die korrekte partye wat by die uitreiking van 'n tjek betrokke is:

A Betaler en nemer (begunstigde)
B Eienaar, trekker en nemer
C Trekker, bank en nemer
D Nemer en eienaar

1.1.9 'n Onderneming se bankrekening verhoog tydens die maand met R34 400, en die onderneming betaal R6 800 vir water en elektrisiteit.

Die onderneming se banksaldo is R79 400 aan die einde van die maand. Wat was die banksaldo aan die begin van die maand?

A R38 200
B R51 800
C R107 000
D R41 200

1.1.10 Die ondersteuningsdokumente wat gebruik word om die betaling van die water-en-elektrisiteit-rekening aan Dihlabeng-munisipaliteit te boekstaaf, is die ...

A tjekteenblad.
B duplikaatfaktuur.
C Dihlabeng-munisipaliteit se staat.
D duplikaatkwitansie.

1.1.11 'n Onderneming skuld R45 000 aan 'n krediteur. Die bedrag is vier maande lank uitstaande. Rente word teen 9.5% per jaar gehef.

Bereken die rente op die agterstallige bedrag.

A R1 425
B R17 100
C R4 275
D R15 000

Kopiereg voorbehou

1.1.12 Ontvang R700 van die insolvente boedel van J. Knox, 'n debiteur. Die boedel betaal 25c vir elke rand. Die res moet as slegte skuld afgeskryf word.

Bereken die bedrag wat afgeskryf moet word.

A R175
B R2 100
C R2 275
D R525

1.1.13 'n Voorbeeld van 'n BTW-vrygestelde item is ...

A korting ontvang.
B slegte skuld verhaal.
C rente op vaste deposito.
D huurinkomste.

1.1.14 Watter een van die volgende rekeninge is 'n nieroetine-inkomste vir 'n onderneming?

A Rente betaal
B Telefoon
C Debiteurekortings
D Slegte skuld verhaal

1.1.15 Wanneer 'n onderneming voorraad aan 'n krediteur terugstuur, word die krediteurerekening ...

A gekrediteer.
B gedebiteer.
C dieselfde gehou.
D verhoog.

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Verkope is 'n nieroetinetransaksie vir 'n onderneming.

1.2.2 'n Bankrekeninghouer kan kontantonttrekkings met behulp van internetbankwese maak.

1.2.3 Die rente op 'n lening is 'n inkomste vir die onderneming.

1.2.4 Die afkorting BTW staan vir belasting en waarde.

1.2.5 Die netto wins word in die inkomstestaat bereken.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n woord/item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Verkope in inkomstestaat	A	skuld wat nooit ingevorder kan word nie
1.3.2	Slegte skuld	B	maksimum tydperk waarbinne 'n klant hul uitstaande skuld moet betaal
1.3.3	Kredietbepaling	C	verlies van produkte weens diefstal, bedrog of foutiewe rekeningkundige prosedures
1.3.4	Inkomstestaat	D	bruto verkope minus debiteurekortings
1.3.5	Duplikaat	E	word gebruik om die bruto wins en netto wins te bereken
		F	twee afskrifte van 'n dokument

(5 × 1) (5)
[25]

VRAAG 2

2.1 Zuzu Dlamini wil graag met 'n klein sakeonderneming begin. Sy versoek jou om haar te help om enkele rekeningkundige konsepte te verstaan. Beantwoord die volgende vrae op so 'n manier dat Zuzu rekeningkunde kan verstaan.

2.1.1 Waarom is dit belangrik vir ondernemings om debiteurekontrole- en krediteurekontrolerekeninge in die algemene grootboek te hou? (3)

2.1.2 Noem EEN ander kontrolerekening in die algemene grootboek buiten die debiteurekontrole- en krediteurekontrolerekeninge. (1)

2.1.3 Waarom word BTW op verkope gehef? (1)

2.1.4 Beskryf die term *krediteur*. (1)

2.1.5 Watter soort rekening is krediteure? (1)

2.1.6 Verduidelik kortliks die dubbelinskrywingsbeginsel. (2)

2.1.7 Dui vir Zuzu Dlamini aan wat die rekeningkundige vergelyking is. (2)

Kopiereg voorbehou

2.2 Bestudeer die volgende rekeningstaat en beantwoord die vrae.

Rekeningstaat
Mbewe Stores

Mullerweg 123
Bethlehem
9700

Telefoon: 058 3036144
Faks: 058 3036145

Rekening van: *C. Nkosi*
Newweg 78
Bethlehem
9700

Rekeningnr.: *598*
Datum van staat: *29 Augustus 2015*
Bepalings: *Streng 30 dae*

Datum	**Beskrywing**	**Debiteer**	**Krediteer**	**Saldo**
2015 Aug 1	Saldo			12 000
5	Faktuur 367	1 200		13 200
8	Kredietnota 59		200	13 000
10	Kwitansie 78		10 000	3 000
	Korting toegestaan		100	2 900
25	Faktuur 532	3 500		6 400

Foute en weglatings uitgesonderd

Kontroleer asseblief die akkuraatheid van alle data. Indien foute opgespoor word, kontak asseblief die rekeningeafdeling onmiddellik.

Bankbesonderhede: ABSA Rekeningnr.: 125 659 1268 Takkode: 121006

2.2.1 Is C. Nkosi 'n debiteur of 'n krediteur? (1)

2.2.2 Wat was C. Nkosi se uitstaande saldo op 1 Augustus 2015? (1)

2.2.3 Met hoeveel is C. Nkosi se rekening in die loop van die maand verminder? (1)

2.2.4 Gee EEN rede, op grond van die rekening hier bo, dat die saldo op C. Nkosi se rekening besig is om te verminder. (1)

2.2.5 Waarom plaas Mbewe Stores sy bankbesonderhede aan die onderkant van die rekening? (1)

2.2.6 Noem TWEE maatreëls wat 'n onderneming kan tref om te verseker dat 'n klant hul rekening betyds betaal. (2)

2.2.7 Noem die rekening wat gebruik word om oninbare bedrae af te skryf. (1)

2.2.8 Watter soort rekening is bogemelde rekening (in VRAAG 2.2.7) en watter uitwerking het dit op die onderneming se wins? (2)

Kopiereg voorbehou

2.3 Ontleed Memory Suppliers se rekening hier onder in Keep Sake Traders se krediteuregrootboek.

Keep Sake Traders se krediteuregrootboek
Memory Suppliers

Datum	Beskrywing	Fol.	Debiteer	Krediteer	Saldo
2015 Okt 1	Saldo	a/b			20 000
3	**2.3.1**	KBJ	**2.3.2**		8 200
	Korting ontvang	KBJ	**2.3.3**		8 000
6	Debietnota 56	KKJ	**2.3.4**		7 650
30	Joernaalbewys 9	AJ		**2.3.5**	7 850

2.3.1 Voltooi bogenoemde rekening in jou ANTWOORDBOEK deur die ontbrekende inligting/bedrae in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) neer. (5)

2.3.6 Gee EEN moontlike rede vir die debietnota wat op 6 Oktober 2015 uitgereik is. (1)

2.3.7 Gee EEN moontlike rede vir die inskrywing in die algemene joernaal op 30 Oktober 2015. (1)

2.4 Noem die EERSTE stap in die rekeningkundige siklus. (1)

2.5 Nadat die eerste stap in die rekeningkundige siklus uitgevoer is, moet 'n ... voltooi word (as bewys dat die eerste stap plaasgevind het). (1)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kontantverkope is gelyk aan R1 450 (BTW uitgesluit). Die winsgrenspersentasie is 25% op die kosprys. Bereken die volgende:

3.1.1 BTW-inklusiewe verkoopsbedrag

3.1.2 BTW-bedrag

3.1.3 Koste van verkope

(3 × 3) (9)

3.2 'n Onderneming verkoop goedere vir R3 950 op krediet aan S. Mampuru en staan 'n 4.5%-korting aan hom toe.

Bereken die korting wat toegestaan is. (3)

3.3 S. Mocke se uitstaande rekening is R2 400. Hy vereffen sy rekening en betaal R2 280.

Bereken die volgende:

3.3.1 Kortingsbedrag

3.3.2 Kortingspersentasie

(2 × 3) (6)

3.4 Bereken die bruto inkomste vir die jaar aan die hand van die volgende inligting:

Kapitaal	R150 000
Verkope	R 86 680
Huurinkomste	R1 500 per maand
Debiteurekorting	R 680
Kommissie-inkomste	R 3 670
Telefoon	R 3 290
Koste van verkope	Winsgrens van 25% op kosprys

(7)
[25]

TOTAAL VIR AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Shiela Cousins begin op 1 September 2015 met 'n nuwe onderneming, Shoppies Traders. Die onderneming maak van die deurlopendevoorraadstelsel en 'n winsgrens van 50% op die kosprys gebruik.

Shoppies Traders is as BTW-ondernemer geregistreer en hef BTW teen 14%.

Teken die transaksies vir November 2015 in die volgende toepaslike hulpjoernale op. Moenie die joernale op 30 November 2015 afsluit nie.

Bereken en toon BTW SLEGS op verkope en terugsendings van debiteure.

Rond ALLE bedrae af tot die naaste rand.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(13)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(9)
4.3	Krediteurejoernaal	(3)
4.4	Krediteurekortingsjoernaal	(3)
4.5	Debiteurejoernaal	(6)
4.6	Debiteurekortingsjoernaal	(4)
4.7	Algemene joernaal (GEEN beskrywings word verlang nie.)	(2)
		[40]

Kasregisterrolle vir November 2015:

03/11/2015 CRR12 Totaal: R12 131.00	19/11/2015 CRR13 Totaal: R2 654.00

Kwitansies uitgereik vir November 2015:

Datum	Nr.	Aan wie	Besonderhede
2	151	Shiela Cousins	Verhoog kapitaalbydrae met R25 000
6	152	Q. Smart	Betaling van rekening, R1 580. Staan 5%-korting toe
21	153	G. Avon	Kommissie, R6 500
29	154	J. Brand	Betaling van rekening, R3 560

Kopiereg voorbehou

Opsomming van bankdepositostrokietotale vir November 2015:

03/11/2015	R37 131
6/11/2015	?
21/11/2015	R9 154
29/11/2015	R3 560

Tjeks vir November 2015 uitgereik:

Datum	Nr.	Aan wie	Besonderhede
2	12	David Enterprises	Handelsware, R4 500, minus 10%-handelskorting
7	13	Telkom	R14 300. Neem in berekening dat R3 230 vir Shiela Cussons, die eienaar, se persoonlike rekening was
10	14	Wacko Equipment	Koop 15 sekretaressestoele @ R1 800 elk en ontvang 'n 7.5%-handelskorting
21	15	Ronaldo Traders	Betaal R900 op rekening en ontvang korting van R150

Oorspronklike fakture van verskaffers ontvang (oorgenommer):

Datum	Nr.	Aan wie	Besonderhede
3	P211	Messi Enterprises	Handelsvoorraad, R7 300, en toerusting, R5 790
29	P212	Pen Stationers	Drukkersinkhouer, R700, en drukpapier, R310

Duplikaatdebietnotas aan verskaffers uitgereik:

Datum	Nr.	Aan wie	Besonderhede
7	R313	Messi Enterprises	Voorraad nie volgens bestelling nie, R150
29	R314	Pen Stationers	Toerusting nie die korrekte kleur nie, R500 Drukpapier (verkeerde kleur), R50

Kopiereg voorbehou

Duplikaatfakture uitgereik (BTW ingesluit):

Datum	Nr.	Aan wie	Besonderhede
16	IN021	J. Brand	R1 002
28	IN022	M. Xhai	R3 670

Duplikaatkredietnotas uitgereik (BTW ingesluit):

Datum	Nr.	Aan wie	Besonderhede
17	CN25	Joseph Brand	R240

Bykomende transaksies:

Datum	Dok. nr.	Van	Besonderhede
30	B/S	ABC Bank	Diensgelde, R150; tjekboekfooie, R210
30	B/S	ABC Bank	Stuur J. Brand se tjek terug, gemerk 'V/T' Sien kwitansie op 29 November 2015
30	Joernaal-bewys	Finansiële bestuurder	Skryf G. Schmidt se skuld as oninbaar af, R1 890

VRAAG 5

Die volgende inligting is in September 2015 uit Mmusi Traders se boeke geneem.

Verlang

- Skryf die beginsaldo's in die toepaslike rekeninge in die algemene grootboek in vir die rekeninge wat hier onder genoem word (beginsaldo's/totale word tussen hakies gegee).
- Boek die hulpjoernaaltotale SLEGS oor na die rekeninge wat hier onder genoem word.
- Moenie die rekeninge balanseer of afsluit nie.

5.1 Debiteurekontrole (R15 000) (4)

5.2 Handelsvoorraad (R25 000) (8)

5.3 Krediteurekontrole (R9 700) (5)

5.4 Korting toegestaan (R550) (3)

5.5 Verkope (R76 000) (3)

5.6 Skryfbehoeftes (R1 600) (7)

[30]

Mmusi Traders se kontantontvangstejoernaal – September 2015 *KOJ9*

Dok.	Dag	Besonder-hede	Ontleding van ontvangste	Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Korting toegestaan	Diverse bedrag	Fol.	Besonderhede van diverse rekeninge
				18 350	6 100	4 575	2 600	350	10 000		Kapitaal

Mmusi Traders se kontantbetalingsjoernaal – September 2015 *KBJ9*

Dok.	Dag	Nemer (*payee*)	Bank	Handels-voorraad	Krediteure-kontrole	Korting ontvang	Skryfbehoeftes	Diverse bedrag	Fol.	Besonderhede van diverse rekeninge
			6 500	3 300	2 100	250	850	500		Huurgeld

Mmusi Traders se debiteurejoernaal – September 2015 *DJ9*

Dok.	Dag	Debiteur	Fol.	Verkope	Koste van verkope
				860	430

Mmusi Traders se debiteurekortingsjoernaal – September 2015 *DKJ9*

Dok.	Dag	Debiteur	Fol.	Debiteurekorting	Koste van verkope
				430	215

Mmusi Traders se krediteurejoernaal – September 2015 *KJ9*

Dok.	Dag	Krediteur	Fol.	Krediteure-kontrole	Handels-voorraad Voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse bedrag	Fol.	Besonderhede van Diverse rekeninge
				9 200	4 800	700	3 700		Toerusting

Mmusi Traders se krediteurekortingsjoernaal – September 2015 *KKJ9*

Dok.	Dag	Krediteur	Fol.	Krediteure-kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse bedrag	Fol.	Besonderhede van diverse rekeninge
				2 400	900		1 500		Toerusting

Mmusi Traders se algemene joernaal – September 2015 *AJ9*

				Debiteurekontrole		Krediteurekontrole	
		Debiteer	Krediteer	Debiteer	Krediteer	Debiteer	Krediteer
23	Handelsvoorraad	100					
	Skryfbehoeftes		100				
	(Regstelling van fout)						

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Voltooi die volgende aan die hand van die inligting wat in Chip Chop Traders se proefbalans aan jou voorsien word:

6.1 Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015 (15)

6.2 Balansstaat soos op 28 Februarie 2015

Toon slegs die aantekeninge vir
- kontant en kontantekwivalente
- kapitaal

Chip Chop Traders se proefbalans op 28 Februarie 2015

Balansstaatafdeling		**DEBITEER**	**KREDITEER**
Kapitaal (01/03/2014)			250 350
Onttrekkings		54 000	
Voertuie		120 200	
Toerusting		35 900	
Grond en gebou		350 500	
Debiteurekontrole		13 900	
Krediteurekontrole			98 000
Bank			12 500
Kleinkas		1 800	
Los kontant		2 200	
Lening: FNB (14%)			165 000
Handelsvoorraad		14 000	
Nominalerekeninge-afdeling			
Verkope			254 470
Koste van verkope		137 500	
Debiteurekorting		23 400	
Huurinkomste			36 000
Korting ontvang			1 750
Skryfbehoeftes		13 400	
Telefoon		12 500	
Water en elektrisiteit		15 670	
Versekering		23 100	
		818 070	818 070

(15)
[30]

VRAAG 7

Die volgende transaksies verskyn in Over the Moon Stores se boeke. Ontleed die transaksies aan die hand van die tabel in jou ANTWOORDBOEK en dui die uitwerking daarvan op die elemente van die rekeningkundige vergelyking aan. Toon 'n toename met +, 'n afname met –, en geen uitwerking met 0.

LET WEL: Die bank het 'n gunstige saldo.

Voorbeeld: Huurgeld van J. Smith ontvang, R6 000.

Nommer	**Brondokument**	**Algemene grootboek**		**Bates**	**Eienaarsbelang**	**Laste**
		Rekening gedebiteer	**Rekening gekrediteer**			
Bv.	Duplikaat-kwitansie	Bank	Huurinkomste	+6 000	+6 000	0

TRANSAKSIES:

7.1 Koop 'n afleweringsvoertuig vir R225 000 en betaal per tjek. (5)

7.2 Koop handelsvoorraad op krediet by Maun Traders, R6 700. (5)

7.3 Die bank stuur J. Small se tjek terug, gemerk V/T, R500. (5)

7.4 Betaal die SAID die verskuldigde BTW, R13 300. (5)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou